



REDAKSIONEEL

EDITORIAL

By this time all our readers have probably received the note lamenting our dilemma - the late publication of this issue of the magazine.

When one has spent the better part of the last 15 years relying on computers in the publication of a magazine, one should, I suppose, accept the inevitability of the proverbial gremlin creeping into the works. I must confess however, that the gremlin that struck us this time was a rather novel one - it was in fact a virus so virulent that it apparently devoured our anti-virus program. Well, we live and learn. Once again, our sincere apologies - not only for the late publication of this magazine but for the Christmas issue that will definitely also be substantially delayed. We unfortunately do not have the resources to employ extra hands to assist us so I trust that our readers will bear with us and accept that this delay is totally out of our hands.

Having said all that, we are featuring the second last article in our historical series looking at the 50 years of existence of the magazine and the Library Service. Frans van der Merwe, director at the time, recalls in his article the incredible growth of the service up until 1994. During 1995 many things in the library service started to go awry and a very difficult and sad time was experienced by many. Upon reading his article the state of affairs in the Library Service reminded me of that unusual looking shrub, commonly known in Afrikaans as Voorspoed en Armoede (poverty and prosperity).

All is, however, not doom and gloom. We have put together some interesting reading and the feature on Châves Ravine by Ry Cooder and written by correspondent Jaycynth Dolby is an eye opener. Despite staff shortages and constant budget cuts great successes are still achieved by ever-determined librarians, proof of which is yet another launch of a Wheelie Wagon library in Slanghoek. And finally, an inspiring story about a young South African author, Kopano Matlwa who, with her book, **Coconut**, has walked away with the European Literary Award by the Goethe-Institut in Germany for best first novel.

The editorial staff wish you the best of the best over the festive season, hoping against hope that you will at least receive this edition before the end of the year and our wish for you is that may the best of this year be the worst you can experience in 2008.

Almal van ons lesers het seker al teen hierdie tyd ons briefie amet die slegte nuus dat ons tydskrif nie net laat gaan wees nie maar sommer baie laat - ontvang. Wanneer 'n mens die grootste deel van die afgelope 15 jaar jouself op rekenaars verlaat het om in die publikasiewêreld te oorleef, is, is dit sekerlik onvermybaar dat die persduiweltjie jou soms aan die hak beetkry - maar hierdie duweweltjie wat skynbaar ons anti-virus program ingesluk het, was so amper ons doodslag. Maar nou ja, algaande leer mens. Ons vra weereens verskoning vir die onvermydelike vertraging en vir die voldonge feit dat die Kersuitgawe u beslis eers in die nuwe jaar sal bereik. Ongelukkig beskik ons nie oor die mannekrag en fasiliteite om die agterstande in te haal nie en sal dus self so met verdrag die mas moet opkom.

Terug by die tydskrif en dit bring my by ons tweede laaste aflewering in ons historiese oorsig van die 50-jarige bestaan van die tydskrif en die Biblioteekdiens. Voormalige direkteur Frans van der Merwe herroep in sy artikel die ongelooflike groei van die Diens tot en met 1994. Gedurende die jaar 1995 het heelwat veranderings egter daartoe gelei dat die Biblioteekdiens 'n besonder moeilike en hartseer tydvak ingegaan het. Met die lees van sy artikel en die destydse stand van sake in die Diens kon ek nie help om te dink dat dit my so herinner aan die ou snaakse struikie, Voorspoed en Armoede nie.

Gelukkig is alles nie in sak en as nie. In hierdie uitgawe het ons interessante leestof vir almal en die artikel oor Châves Ravine van Ry Cooder, geskryf deur korrespondent Jaycynth Dolby, is werklik 'n moet om te lees. En ten spyte van personeeltekorte is dit verblydend om steeds die entoesiasme onder bibliotekarisse te ervaar - een so 'n voorbeeld is die loodsing van nog 'n nuwe Wheelie Wagon biblioteek in Slanghoek. Ten slotte, 'n inspirerende verhaal oor die jong Suid-Afrikaanse skrywer Kopano Matlwa wat met haar boek, **Coconut**, weggestap het met die Goethe-Institut in Duitsland se Europese Literêre Toekenning vir beste eerste novelle.

Die redaksie wens u almal net die beste van die beste toe oor hierdie feesdae met die hoop dat hierdie uitgawe u tenminste voor Kersfees sal bereik. Ons wens vir almal is dat die beste gebeurtenis van hierdie jaar die slegste is wat kan gebeur in 2008.

Grizell Azar-Luxton

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstyde asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Editor • Redakteur
Grizell Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Graphic Designer / Photographer
Grafiese Ontwerper / Fotograaf Monica
Wagner

Administration and Advertising
Administrasie en Advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

Web site • Webtuiste
www.capegateway.gov.za/library

E-mail • E-pos
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

Address • Adres
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

Indexed in • Geindekseer in
LISA (Library and Information
Science Abstracts)

Reproduction and Printing
Reproduksie en Drukwerk
Mills Litho
11th Avenue, Maitland 7405

Cover design • Omslagontwerp
Jack Russell Design

© Library Service © Biblioteekdiens
SA ISSN 0 008 5790